

11 Oktober

Wees vol begrip en empatie

Skrif- en Fokusgedeelte: Job 6:1-9

Ek het altyd ewe maklik gesê dat ek nooit eendag 'n "moeilike pasiënt" sou wees nie. En tot my skok en teleurstelling in myself, toe die lydingsbed vir my opgemaak is (vorige dagstukkies), het ek self ook 'n "moeilike pasiënt" geword.

Job se vriende het Job vinnig geëtiketteer as so 'n "moeilike pasiënt". Hulle het hulle vererg vir sy gekerm en gekla, nie oor verpleegsters wat onreg aan hom gedoen het nie, maar baie erger nog: God wat aan Job onreg doen. En dadelik kon Job uit sy vriende se reaksie agterkom dat hulle nie ware begrip gehad het vir dit wat hy moes deurmaak nie. In ons teks hoor ons hoe Job dit uitkerm: Ag, as my lyde maar op 'n skaal geplaas kon word sodat my vriende die gewig daarvan werklik met hulle eie oë kon aanskou.

Ons moet altyd onthou dat wanneer 'n mens baie pyn en ongerief verduur, dit bloot menslik is dat so iemand baie sal kla of soms selfs ook 'n "moeilike pasiënt" kan word. Job gebruik hier drie beelde om sy punt te probeer bewys. Hy vra in vers 5: Balk 'n wildedonkie as hy by gras kom? Bulk 'n bees by sy voer? Natuurlik sal mens nie kla of kerm as dit met jou goed gaan nie; net so min as wat 'n dier sal roep as hy genoeg voer het om te vreet. En wie sal die wit van 'n eier eet sonder om daarvan te walg? Of wie sal kos sonder sout eet en nie daarvoor kla nie? Natuurlik sal jy vir die huisvrou vra: Hoekom is daar nie sout in die kos nie!

Wees dus maar vol begrip en empatie vir pasiënte wat kla, ongeduldig en moeilik raak.

Sing: Psalm 130:1 (Totius)

Ds. Willie Venter (Emeritus)